

VERSLAG OOR SAVG-KONFERENSIE

Die Vierde Nasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig het op 28 en 29 September by Vista Universiteit se Pretoria kampus plaasgevind en was besonder suksesvol. Die konferensie is deur 'n goeie gees gekenmerk wat deur die entoesiastiese deelname van sprekers en kongresgangers geskep is.

'n Besonder vol program is die twee dae afgehandel. Dit het gelyklopende sessies genoodsaak, wat ongelukkig tot gevolg gehad het dat konferensiegangers nie al die referate kon bywoon nie. Die alternatief vir gelyklopende sessies was om die byeenkoms oor drie dae te laat plaasvind, wat 'n reeks ander probleme, o.a. aansienlik verhoogde koste, tot gevolg sou hê.

Die openingsrede deur prof PH Kapp van Stellenbosch oor die toekoms van Geskiedenis as skoolvak, was 'n puik voordrag deur 'n historikus wat kenbaar op die hoogte is van plaaslike en oorsese strominge rondom die vak geskiedenis. So het ook die voordrag van prof Van Jaarsveld oor die Eckardt Instituut vir Navorsing oor skoolhandboeke in Geskiedenis getoon dat van ons top historici tog, ten spyte van die kulturele boikot van dekades steeds in voeling gebly het met die metodiek van die vak, veral t.o.v. Europa.

Die twee besoekende Duitse historici, prof Jörn Rüsen en dr Pingel het beide 'n nuttige bydrae tot die konferensiebesprekings gelewer. Dit blyk dat die Suid-Afrikaanse sillabussamestellers wel iets te lere het van dié instituut wat deur hulle verteenwoordig word. Hierdie feit is dan ook deur prof Van Jaarsveld beklemtoon. Die jaarvergadering het aanbeveel dat daar in die toekoms, by wyse van awisseling, historici uit die VSA genooi moet word.

Daar is uiteraard 'n uiteenlopende verskeidenheid referate gelewer. Van die referate was kontroversieel, soos die een wat gehandel het oor 'n Christelike fokus op Geskiedenisonderrig en die een oor die

praktiese hantering van die vak in die klaskamer deur mej EAF Bielich. Sommiges was redelik algemeen terwyl ander gespreek het van 'n vars briesie van vernuwing in Geskiedenisonderrig. Die referaat van mev P. Stewart oor die "Young Historians" en mnr DE Shaw wat Geskiedenis, Geografie en Biologie geïntegreer het, is goeie voorbeeld. Laasgenoemde referaat, sowel as dié van mev Van Eeden, oor "Die koerant as nuttige hulpmiddel" is met behulp van skyfies besonder lewendig aangebied. Ander referate was weer konkreet en spesifiek soos dié van mev Y Struwig oor Geskiedenisonderrig en menseregte en die van mnr WP Visser, wat 'n deeglik voorbereide referaat oor "People's History" as 'n alternatiewe geskiedenis aangebied het. Hy het op die moontlikhede en die leemtes en gevare van dié benadering gewys.

Prof JD Mohlamme van die Soweto kampus van die Universiteit Vista se referaat was 'n lewendige betoog oor waarom vernuwing in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing nodig is. Hy het goeie argumente aangevoer vir dié klemverskuiwing. Dit is jammer dat daar, soos in die verlede, na verouderde werke van veral prof Van Jaarsveld verwys is en nie erkenning gegee is aan veranderde sienswyses van onder andere prof Van Jaarsveld en prof H van Aswegen nie.

Prof Trümpelman het op sy kenmerkende entoesiastiese wyse verwys na die RGN ondersoek oor kurrukulumvernruwing. Hy het klem gelê op bestaande probleme en het moontlike oplossings aan die hand gedoen. Die referaat van dr M Broodryk van UPE het ook die probleem van geskiedenisonderrig aangespreek en 'n moontlike nuwe benadering tot die vak aangedui.

Een van die interessante referate was die een wat gehandel het oor die koppeling tussen Geskiedenis en Argeologie wat op 'n praktiese wyse toegelig is. Dit was 'n interessante onderwerp wat aangetoon het hoe vakintegrasie in die praktyk bereik kan word.

Die swak bywoning van die jaarvergadering was ongelukkig 'n bron van teleurstelling. Hieraan sal aandag gegee moet word. Daar is aanbeveel dat die vergadering gedurende die konferensie en nie aan die einde nie, gehou moet word.

Die nuwe bestuur is soos volg saamgestel:
Voorsitter: Dr NS Kekana, Vista Universiteit, Mamelodi-kampus;
Ondervoorsitter: Dr Maritz Brodryk, UPE; Sekretaris: Prof Johan Olivier, Unisa; Hulpsekretaris: Dr FJ Pretorius, Unisa. Addisionele lede: Dr JJ Joubert, Boland Onderwyskollege, Wellington en prof PH Kapp.

Opgestel deur Prof M Trümpelman (RAU) en dosente van die Kampus vir Verdere Opleiding Universiteit Vista, Pretoria.

Die ledegeld van die vereniging is verhoog na R30 p.j. en intekengeld op Gister en Vandag is vanaf 1993 R25 p.j. Die adres van die SAVG en van Gister en Vandag is soos voor in dié uitgawe aangedui.

Die SAVG spreek graag sy dank uit teenoor die Universiteit Vista vir die fasiliteite wat daargestel is om die konferensie te laat realiseer en aan mev Cecile Jooste wat vir die reëlings verantwoordelik was.

Elders in dié uitgawe is 'n bestelvorm vir 'n bundel geselekteerde referate.

HERSIENING VAN GESKIEDENISSILLABUSSE

Die debat oor die sillabusse in Geskiedenis is in talle lande aan die gang. In Brittanje het hulle eerste National Curriculum op 1 September 1991 in werking getree. In die VSA is die debat in volle gang. Die volgende uittreksel weerspieël die situasie in België, wat verteenwoordigend is van die huidige posisie in Europa:

De strijd voor een revalorisatie van het geschiedenisonderwijs is de belangrijkste uitdaging waar wij thans voorstaan. Er is geen vak in het secundair onderwijs waarvan de plaats telkens weer opnieuw gecontesteerd wordt bij iedere onderwijservorming. Als enige leeractiviteit die exclusief het verleden en het heden van mens en maatschappij tot studie-object heeft, vormt zij een gemakkelijk doelwit voor kritiek van buitenaf door diegenen die de lessen Geschiedenis voor politieke en/of ideologische belangen zouden willen

gebruikt zien. De meeste kritici getuigen daarbij, spijtig genoeg, van een verregaand gebrek aan kennis over de reële inhouden en werkewijzen van het vak.

Ook de onderwijsverantwoordelijke en beleidmakers getuigen herhaaldelijk van een wenig positieve houding ten aanzien van het belang van het vak voor de opvoeding. Hoeft het nog gezegd dat de triomf van de moderne nutspedagogiek in de voorbije decennia bijzonder ongunstig is geweest voor de algemene vorming en haar cultuurhistorische aspecten? Hoe kan men de huidige paradox verklaren die er in bestaat dat in het maatschappelijk leven de behoefte aan confrontatie met het verleden in brede lagen van de bevolking onmiskenbaar aanwezig is en ook erkend wordt, terwijl men in de schoolse vorming en opleiding steeds minder bereid is de nodige tijd voor te behouden.

BRON: Verslag van die Ministerie Vlaamse Gemeenskap, Departement Onderwys aan die simposium oor Geschiedenisonderwys in die Nuwe Europa, van die Raad van Europa, Brugge 9-13 Desember 1991, p. 12.